TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 7/1/2018 **Datum: 1 Maart 2018**

Uit die kantoor:

Meelewing:
Baie dankie aan elke ouer, personeellid, leerling, die mammas wat omgee-gebedsgroep en vriende vir julle gebede, oproepe, whatsapps, drukkies en morele ondersteuning met die afsterwe van ons kleinseun. Dit beteken vir my, Ansie en ons kinders geweldig baie. Die Here self troos ons en hou ons vas in die swaarkrytyd.

Beheerliggaamverkiesing:
Neem asb kennis van die ingeslote skrywe. Soos u waarskynlik in die pers gelees het, is dit ‘n baie belangrike verkiesing en ons maak staat op u deelname, hetsy as genomineerde of om te kom stem.

Optrede:
Jannie de Bruyn en Willie Benade, bekende buiksprekers en hulle poppe, tree Maandagoggend om 11:45 by die skool op. Dis gewoonlik baie pret vir die kinders en ons het dit goedgedink om hulle weer toe te laat. Die koste is R10 per leerling.

BELANGRIKE DATUMS

1 Mrt: 0/13 Krieketliga

Boekuitstalling in die saal.

Spelkompetisie. Sterkte aan ons deelnemers.

Vrystaat Swemkampioen-skappe. Sterkte aan ons 15 swemmers wat hieraan deelneem.

2 Mrt: Wêreldbiddag vir vroue
Die dogters trek iets wits aan skool toe. Seuns kom met skoolklere. Juf. Zilke lei die verrigtinge.

4 Mrt: Vrystaat Atletiek-byeenkoms op die stadion. Ons hou duimvas vir die atlete.

5 Mrt: Finansiële komitee-vergaderig om 16:00 en BL vergadering om 17:30

6 Mrt: Nominasies vir die BL verkiesing sluit om 7:30

7 Mrt: Skoolgelde betaalbaar.

8 Mrt: Beheerliggaam-verkiesing. Stem van 7:30 tot 19:30

VERJAARSDAE

5 Mrt: Juf Phelicia Jacobs, Gr 3

KLEUTERSKOOL TOEGANG

Daar is ouers sonder kleuters wat die kleuterskool as ‘n deurloop gebruik.

Ter wille van veiligheid en roetine wil ons die reëling tref dat die Primêre Skool se hekke in so ‘n geval gebruik moet word asb.

BUITEMUURS (Herhaal)

Aangeheg is die Interimrooster wat DV Maandag 26 Februarie in werking tree. Maak asb. seker dat u kind by die tye inskakel soos op die rooster uiteengesit is.

Swemmers wat egter aan die Vrystaat Kampioenskappe gaan deelneem, moet egter steeds hierdie week by swemoefening uitkom. Die res van die swemmers kan by die nuwe rooster inval.

‘n Nuwe buitemuurse rooster sal in die laaste week van die kwartaal uitgegee word vir die aktiwiteite van die tweede kwartaal .

SNUFFELS

SNUFFELS

FRANSE MARK 3 MRT BY VILLA AVIANTO!!!

KOM STAP AS GESIN OF MET KLEIN HOND AAN LEIBAND DIE SPICEWALK.TEN BATE VAN CANSA(KINDERS) DONASIE WORD WAARDEER!
SPICE WALK BEGIN 7.00 BY FONTEIN
FRANSE MARK 7.30 – 14;00
NUWE VERMAAK VIR KINDERS: POPPEKAS, BOEKVOORLESING EN PLESIERRITTE IN WAENTJIES VIR KINDERS@ R15

Flip van sekuriteit is op soek na 'n kitaar om te koop. Skakel 081 775 2974 as u kan help.

Sand du Plessis Hoërskool se ope-aand vind plaas op 24 April 2018. Sand du Plessis is die enigste hoërskool in die stad wat aan leerders 'n Akademiese en Tegniese baan in Afrikaans bied. Kontak hulle vir meer besonderhede.